HANTAM MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2019 IN DIE RAADSAAL, KOMMANDO KANTORE, DORPSTRAAT, CALVINIA

TEENWOORDIG

Rdl. R.N. Swartz	(Burgemeester)
Rdl. K. Alexander	
Rdl. A.J.E. Claassen	
Rdl. H. De Wee	
Rdl. G.Gous	
Rdl. G. Opperman	
Rdl. J.E. Steenkamp	

AFWESIG

Rdl. H.C. Steenkamp	(Skriftelik verskoning per E-Pos)
Rdl. F.J. Sterkse	(Skriftelik verskoning per E-Pos)

Verskonings word deur die Voorsitter aanvaar.

AMPTENARE

Mnr. J.I. Swartz	Munisipale Bestuurder
Mnr. J.R. Van Wyk	Senior Bestuurder: Tegnies en Gemeenskapsdienste
Mnr. W.C. Jonker	Senior Bestuurder: Finansies en Korporatiewe Dienste
Mnr. J.H. Langner	Bestuurder: Begroting en Finansies
Me. S. Felix	Hoof: IDP/LED
Me. M. Jooste	Hoof: Interne Ouditeur
Me. E. De Wet	Hoof: Admin, HR & IT
Me. J.C. Louw	Admin Beampte: Komitees

AFWESIG

Me. L. Claasen	(Skriftelike Verskoning)

Verskoning word deur die Voorsitter aanvaar.

R16/02-19 2018/2019 AANSUIWERINGSBEGROTING

BESLUIT:

1. Dat die aansuiweringsbegroting van Hantam Munisipaliteit vir die 2018/2019 “MTREF” (“Medium Term Revenue and Expenditure Framework”) soos uiteengesit in die skedules en afdeling 4 goedgekeur word.
   (i) Tabel B1 Aansuiweringsbegroting Opsomming;
   (ii) Tabel B2 Aansuiweringsbegroting Finansiële Prestasie (per standaard klassifikasie);
   (iii) Tabel B3 Aansuiweringsbegroting Finansiële Prestasie (per munisipaleposnommer);
   (iv) Tabel B4 Aansuiweringsbegroting Finansiële Prestasie (per inkomstebron);
   (v) Tabel B5 Aansuiweringsbegroting Kapitaal Uitgawes (per munisipale posnommer en befondsingsbron).

2. Dat kennis geneem word dat daar geen wysigings aan begrotingsverwante beleide is nie.

3. Dat die Direkteure kontrole maatreëls in plek stel om enige oorspandering op die Bedryfs- en Kapitaalbegrotings te voorkom.

4. Dat die Dienslewering begroting- en Implementeringsplan (“SDBIP”) ooreenkomstig gewysig word en ingevolge wetlike vereistes goedgekeur word.

5. Dat die plan om van ’n onbefondsde na ’n befondsde begroting te
   beweeg goedgekeur word.

Voorstel: Rdl. A.J.E. Claassen
Sekondant: Rdl. G. Gous

R20/02-19 HERSIENING VAN TOPVLAK DIENSLEWERING- EN BEGROTING IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP)2018/2019

BESLUIT:

1. Dat die gewysigde Dienslewering- en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) vir 2018/2019, met insluiting van ‘n KPI vir die aankoop van ‘n kompakteerder asook KPI TL44 wat behoue bly, goedgekeur word.

2. Dat die gewysigde Dienslewering- en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) vir 2018/2019 onmiddellik openbaar gemaak word vir kennisname deur dit op die

Munisipaliteit se webwerf te plaas asook te adverteer in plaaslike media.

Eenparige besluit